
# Hoofstuk 1

# Skepping



HET JY AL ooit gewonder hoe die aarde en al die ander goed in die heelal ontstaan het? Wel, God sê vir ons in die Bybel dat Hy alles gemaak het. En hy sê vir ons dat hy dit in 'n week gedoen het. Ons noem dit die skeppingsweek omdat dit oor ses regte dae gestrek het, plus een rusdag. Jy kan in Genesis 1 lees wat werklik gebeur het.

## Dag 1

Aanvanklik was daar niks, heeltemal niks—behalwe God. Toe, volgens Genesis, gebeur die volgende: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep." Hoe? Hy het dit gedoen deur eenvoudig te beveel dat dit gebeur. Sjoe, wat 'n verstommende God—om alles te skep slegs deur die krag en gesag van Sy Woord!

Toe God dit gedoen het, het nog iets gebeur—tyd het begin. Daarna het God lig geskep. "Toe het God gesê: 'Laat daar lig wees!' En daar was lig" (Genesis 1:3). Dit was nie die son nie, want God het die son eers op Dag 4 gemaak. God kan lig skep sonder die son as bron. Die Bybel sê vir ons dat daar in die hemel nie 'n behoefte aan lampe of die son sal wees nie, "omdat die Here God hulle sal verlig" (Openbaring 22:5).

Die eerste lig het "dag" en "nag" voorsien soos wat die aarde gedraai het. Die heel eerste dag en heel eerste nag was elk ongeveer 12 uur lank. Die dae was nie lang tydperke nie en dit was ook nie miljarde jare gelede nie.

## Dag 2

Op die tweede dag van die skeppingsweek het God voortgegaan om die aarde voor te berei dat plante daarin kan groei, en diere en mense daarop kon leef. Hy het dit gedoen deur die atmosfeer om die aarde te maak. Die atmosfeer bevat die lug wat ons inasem. Dit bestaan uit suurstof, stikstof en klein hoeveelhede van ander gasse, alles in die regte hoeveelhede vir ons om te leef. Die atmosfeer bevat ook waterdamp wat kondenseer om wolke te vorm.

Dit het alles gebeur omdat God dit beveel het om te gebeur. Dit is nie die gevolg van vulkane wat uitgebars het of blougroen alge wat oor miljoene jare suurstof vervaardig het of enigiets anders wat sommige mense al voorgestel het nie.

## Dag 3

Die Bybel sê dat toe God die aarde geskape het, dit heeltemal bedek was met water. Dus, op die derde dag van die skeppingsweek het God die droë grond beveel om te verskyn. Gedeeltes van die oseaanvloer het gedaal sodat water van die land af kon dreineer. Ons weet nie hoeveel kontinente daar destyds was nie – dalk was daar net een, want die Bybel sê "die waters (het) onder die hemel op een plek bymekaargekom" (Genesis 1:9). Sommige van die kontinente wat ons vandag sien, kon later gevorm het weens Noag se vloed toe die aarde weer eens vir 'n tydperk heeltemal onder water was.

Op Dag 3 het God ook die grond beveel om allerhande soorte plantegroei voort te bring. Dit het plante, sade, vrugte en bome ingesluit wat die diere kon eet eerder as mekaar. Daar was ook graan en kruie en groente en vrugte wat die mens kon eet. En daar was allerhande soorte pragtige blomme en welriekende plante vir ons genot. Die Bybel sê God het elkeen volgens sy soort gemaak (Genesis 1:11–12). Dit beteken dat nie een van hierdie plante uit iets heeltemal anders geëvolueer het nie.

## Dag 4

Op Dag 4 het God die son, die maan en die planete in ons sonnestelsel geskape, sowel as die miljarde sterre in die miljarde sterrestelsels in die heelal. Die Bybel sê dat God dit tot ons voordeel geskape het "... om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui" en "(hulle) moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee" (Genesis 1:14–18). God kon dit doen deur slegs te beveel dat hulle moet bestaan. Nog 'n rede waarom God dit alles gemaak het, is: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend" (Psalm 19:2).

Die sterre het nie oor miljarde jare gevorm vanuit 'n oerknal waarin niks ontplof het en toe alles geword het nie. Mense wat dit sê, kan nie verduidelik waar al die energie van die ontploffing vandaan gekom het nie. Nog minder hoe 'n ontploffing die ontwerp kon voortbring wat ons in die heelal sien nie. Ons weet dat ontploffings nooit orde skep nie, maar altyd 'n groot gemors veroorsaak.


## Dag 5

Teen Dag 5 het God die aarde voorberei om lewe te onderhou. Dus het God volgende die see beveel om te wemel van vis, tesame met al die ander diere wat in die water leef. Daar was grotes soos walvisse en plesiosourusse, en kleineres soos kril en soöplankton. God het ook die vlieënde diere op hierdie dag geskep—voëls, vlermuise, bye en pterosourusse.

Genesis 1 sê dat God elke vis en elke voël "volgens sy eie soort" geskape het, en Hy het hulle almal beveel "om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig". Dit beteken dat elkeen babadiertjies soos hyself moes voortbring. Nie een van hulle het uit iets geëvolueer nie, en nie een van hulle het ooit na iets anders geëvolueer nie. .

## Dag 6

Op Dag 6 het God die aarde beveel om die landdiere "voort te bring" – mak diere, soos jou troeteldiere, en die diere wat ons nou wilde diere noem, soos olifante, kangaroes en tiere. Hulle het nie een die ander geëet nie. God het ook op hierdie dag die kruipende diere en die dinosourusse gemaak. God het al die diere "volgens hulle soort" gemaak, en ons weet reeds wat dit beteken. Toe dinosourusse hulle eiers gelê het, het daar babadinosourusse uitgebroei, nie klein voëltjies nie.



Laastens het God die eerste mense geskep — Adam en Eva. Hy het Adam uit die stof gemaak en Eva uit Adam se sy. God het aan Adam en Eva gesê om kinders te hê sodat daar oor tyd mense regoor die aarde sou wees (Genesis 1:28). Dit beteken dat dit God is wat die huwelik ingestel het as 'n eenwording van een man en een vrou. Dit was God se plan dat kinders op hierdie manier in gesinne gebore sou word.

Adam en Eva het nie uit ape ontwikkel nie, en nog minder het jy. God het Adam en Eva "na Sy beeld" geskape, so jy is ook "na die beeld van God geskape." Daarom kan jy ook tot God bid, en Hom liefhê en aanbid. En jy kan God se liefde vir jou ervaar. Diere kan dit nie doen nie, want God het hulle nie na Sy beeld geskape nie.

Alles wat God tydens die skeppingsweek gemaak het, was pragtig en volmaak vir God se doeleindes. Niks was sleg of boos nie. Daar was geen dood van diere of mense nie. Geen mutasies, geen stryd om te bestaan nie, niks "onbevoeg" nie. .

## Dag 7

**Waar kom ons sewe-dag-week vandaan?**

Dit kom direk van God af. God het ses dae geneem om alles te skape en op die sewende dag gerus. God was nie moeg nie (die Hebreeuse woord beteken om "te staak"), maar Hy het dit gedoen as 'n voorbeeld tot ons voordeel. God het dit in die Tien Gebooie geskryf wat Hy aan die Israeliete deur Moses gegee het. Hulle is aangesê om een uit sewe dae van hulle werk te rus, en die rede wat gegee is was: "Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig" (Eksodus 20:8–11).

**Jesus—die Woord van God**

Alles in die skeppingsweek het op grond van God se bevel of woord tot stand gekom. Een van die titels van die Here Jesus Christus is "die Woord" (Johannes 1:1–14). Die Nuwe Testament sê vir ons dat God die heelal deur Sy Seun, Jesus (Hebreërs 1:2), gemaak het, en dat alle dinge deur Jesus en vir Jesus geskape is (Johannes 1:3; Kolossense 1:16).

**Was daar 'n oerknal?**

Evolusioniste het die storie uitgedink dat die heelal miljarde jare gelede deur 'n oerknal ontstaan het. Maar hulle kon nie verklaar hoe niks alles geword het en dit sonder 'n oorsaak nie. Hulle moes toe onsigbare goed genaamd "donker materie" uitdink om te bewys dat daar genoeg swaartekrag was om die oerknal te laat "werk". En toe moes hulle "donker energie" uitdink om genoeg "dryfkrag" te verskaf. In kontras daarmee is die krag en gesag van God se Woord, soos opgeteken in Genesis, verreweg die beste verduideliking van hoe alles ontstaan het.

**Is ons van sterstof gemaak?**

Sommige mense sê dat toe die heelal ontstaan het, dit 'n groot klomp gas genaamd waterstof, voortgebring het, wat hulle sê die sterre gevorm het. Toe, sê hulle, het sommige van hierdie sterre ontplof en dit het al die ander goed wat bestaan, gevorm. So, hulle sê dat alles op aarde gemaak is van goed wat in die sterre gevorm is, of "sterstof". Dis nie waar nie! God sê vir ons dat Hy die aarde gemaak het, met die see, die lug wat ons nodig het, en die plante—Hy het dit alles voor die sterre gemaak.

**Is evolusie 'n feit?**

Jy het heel waarskynlik gehoor dat evolusioniste dit in hulle TV-programme sê of het dit in hulle boeke gelees. Maar dit is nie waar nie. As jy iets wil weet oor wat in die verlede gebeur het, is die enigste manier om uit te vind om iemand te vra wat daar was en wat gesien wat werklik gebeur het. Geen evolusionis was daar toe die heelal ontstaan het nie, maar God was. Hy was dus 'n ooggetuie. Jy kan in Genesis 1 lees wat God sê Hy gedoen het, en hoe Hy dit gedoen het. Die heelal is nie miljarde jare oud nie. Die Bybel maak dit duidelik dat die hele skepping, insluitend die heelal en die aarde, slegs ongeveer 6 000 jaar oud is.

# Hoofstuk 2
# Vloek



DIE TWEEDE BELANGRIKSTE gebeurtenis in die ware geskiedenis van die wêreld, is wat gebeur het toe die eerste sonde gepleeg is (Genesis 3).

Adam en Eva was die heel eerste mense op die aarde. Hulle het dit baie geniet om in hulle tuinhuis, die Tuin van Eden, te woon, wat God vir hulle voorsien het. Hulle het 'n oorvloed heerlike vrugte, neute en ander lekkernye gehad om te eet, en talle vriendelike diere as troeteldiere. Dink net hoe dit moes wees om 'n mak *T. rex* te streel! Maar ongelukkig het dit nie lank geduur nie.

### Een reël

Toe God vir Adam geskape het, het Hy vir hom net een reël gegee: Adam kon enigiets in die tuin eet, behalwe van die vrugte van die een boom genaamd die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad. God het vir Adam gewaarsku dat as hy daarvan sou eet, hy sou sterf. Die vrugte was nie giftig nie – die dood sou die straf wees vir sy ongehoorsaamheid aan God.

Tot op daardie punt het Adam en Eva niks verkeerds gedoen nie. Maar as hulle die vrug van hierdie boom sou eet, sou hulle ongehoorsaam wees aan God. 'n Ander woord hiervoor is "sonde". God wou hê hulle moes kies om Hom lief te hê, en daarom het Hy hulle 'n keuse gegee. Die boom was 'n toets. Het hulle God lief genoeg gehad om te kies om Hom te gehoorsaam?

### Satan se taktiek

Eendag hoor Eva toe iemand anders as Adam met haar praat. Die stem het uit die rigting van 'n slang gekom. Dit was Satan, die duiwel, wat toe vra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?"

Eva antwoord toe dat hulle die vrugte van al die bome in die tuin mag eet, behalwe van een. Sy voeg toe by dat God gesê het hulle mag nie eens daaraan raak nie. God het wel nie vir Adam iets gesê van daaraan raak nie. So dalk was dit Adam se eie waarskuwing aan Eva.

Satan sê toe vir Eva: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." Maar Satan het gejok. Hy is God se vyand en probeer keer dat mense in God glo deur te ontken wat God gesê het. Die heel eerste versoeking aan 'n mens in die wêreld was om Eva te kry om te twyfel in die waarheid van wat God gesê het.

Vandag saai Satan twyfel in wat God in die Bybel sê en wat die Bybel oor God sê. Dit gaan nie net oor wat reg of verkeerd is nie, maar selfs om te ontken dat God ons Skepper is. Een manier hoe Satan dit doen, is deur die idee van evolusie wat sê dat alles in die heelal ditself sonder God gemaak het.

Maar God bestaan wel. Hy is ons Skepper en in die Bybel gee Hy vir ons die reëls wat Hy wil hê ons moet nakom. Dit sluit in om die waarheid te praat, ons ouers te gehoorsaam, en om ander mense te behandel soos ons behandel wil word. Om God se reëls te verbreek, word "sonde" genoem.

As God nie bestaan het nie, sou daar nie iets soos sonde gewees het nie, en kon ons self besluit wat reg en verkeerd is. En as daar nie iets soos sonde was nie, kon God nie vir ons vra hoekom ons nie Sy reëls nagekom het nie. En dan sou ons ook nie 'n Redder uit ons sonde nodig hê nie.

Elke keer as jy iemand op die TV hoor sê: "Evolusie is 'n feit", kan jy vir jouself sê: "Ek weet hoekom jy dit sê en dit is nie waar nie. Evolusie is nie 'n feit nie."

### Dit is nie wat Satan belowe het nie

Eva het die boom van nader beskou. Dit was regtig pragtig en die vrugte het heerlik gelyk. Sy het gedink hoe lekker dit sou wees om so wys soos God te wees. Sy het 'n vrug afgepluk en 'n groot, sappige hap geneem. Sy gee dit toe vir Adam aan en hy het ook 'n groot, sappige hap geneem.

Helaas, die resultaat was toe nie wat hulle verwag het nie. Hulle het skielik besef dat hulle ongehoorsaam was aan God. En nou het hulle die



verskil tussen goed en kwaad geken. Hulle het skuldig en skaam gevoel.

Dit was nie die wonderlike resultate wat Satan beloof het nie. Skielik het hulle besef dat God nie vir hulle gejok het nie, maar dat Satan gejok het. Sonde is altyd so. Ons dink dat ons dit gaan geniet om iets te doen wat ons weet verkeerd is, maar dan kom ons agter dat dit vir ons skaamte en spyt veroorsaak. Adam en Eva was nou bang om God te ontmoet. Later daardie dag, toe God in die tuin gaan wandel, het Adam en Eva vir Hom tussen die bome weggekruip.

Dit het niks gehelp nie, want niemand kan vir God wegkruip nie. God het gevra: "Waar is jy?"—nie omdat Hy hulle nie kon kry nie, maar omdat Hy wou hê hulle moes self uitkom. Maar hulle was te skaam om uit te kom en Hom te ontmoet.

Toe sê God: "Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?" God het geweet wat hulle gedoen het, maar Adam en Eva het nie hulle sonde erken nie. In plaas daarvan het elkeen probeer om die blaam op iemand anders te pak. Adam sê toe vir God: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet." Adam het nie net vir Eva geblameer nie, maar ook vir God omdat Hy Eva vir hom gegee het. Eva het die slang geblameer wat Satan gebruik het om met haar te praat.

## Die strafgevolge

Omdat God heilig en regverdig is, is daar altyd straf vir sonde. God het vir Adam gesê dat die grond nou onder 'n vloek verkeer. Onkruid en dorings sou nou daarop groei. En Adam moes nou die grond bewerk en sy lewe lank hard werk om kos te produseer om te eet. Die ergste straf was nou dat hy sou sterf, soos God gewaarsku het, en sy liggaam sou weer terugkeer tot stof.

God het vir Eva gesê dat weens dit wat sy gedoen het, sy haar kinders met pyn in die wêreld sou bring. Maar haar dogters (en hulle dogters) sou nog steeds mans wou hê. Ons stam almal van Adam en Eva af. En omdat Adam en Eva gekies het om Satan te gehoorsaam in plaas van na God te luister, doen ons dit ook almal. Ons word almal gebore met die wil om te sondig in plaas van om te doen wat reg is.

God was nog steeds lief vir Adam en Eva, net soos Hy ook vir jou liefhet. So, God het vir hulle (en vir ons) 'n belofte gegee in die vorm van 'n profesie teen Satan. Een van Eva se afstammelinge, die Here Jesus Christus, sou eendag hier op aarde kom woon. Hy sou die werk van Satan oorwin deur die prys vir ons sonde te betaal deur aan 'n kruis te sterf en weer uit die dood op te staan. Dit het ongeveer 2 000 jaar gelede gebeur.

Die Bybel sê vir ons dat God vir Adam en Eva klere van dierevelle gemaak het om die vyeblare te vervang wat hulle aangehad het toe hulle vir Hom probeer wegkruip het. Dus moes ten minste een dier doodgaan – weens hulle sonde.

Laastens het God vir Adam en Eva uit die Tuin van Eden gesit. Dit was sodat hulle nie van 'n ander boom, die Boom van die Lewe, sou eet nie. As hulle dit sou doen, sou hulle vir altyd in hulle sondige toestand geleef het. God het 'n engelemag by die ingang gesit sodat hulle nooit sou kon terugkeer nie. Sedert daardie dag het Adam en Eva nie meer hulle spesiale verhouding met God gehad nie. En hulle liggame het begin agteruitgaan, net soos ons s'n vandag, al het hulle nog vir baie jare daarna geleef.

Pyn en swaarkry, siekte en dood, was nie deel van die volmaakte wêreld wat God geskape het nie. Maar weens sonde het God van Sy reddingskrag onttrek. Maar omdat Hy so lief is vir ons, het Hy Sy Seun, die Here Jesus Christus, gestuur om saam met ons te leef en vir ons sonde te sterf. Jesus het weer lewendig geword sodat ons Hom kon ken as ons Redder, vriend en gids deur hierdie lewe. Die dood maak nou die deur na die hemel oop vir almal wat tot bekering kom en in Hom glo. Daar "(sal) Hy al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie" (Openbaring 21:4).